Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 20 November 1946. Nr. 2.

# Sentiment Bring Unie In Skande

## Hopelose Lugdiens Met Britse Vliegtuie

Die Britse voorkeur-beleid van die regering het hom die afgelope week lelik op die neus laat kyk toe sy Britse Avro York-vliegtuie van die Springboklugdiens by herhaling uit orde geraak het sodat sy passasiers selfs tot 'n week laat in Johannesburg aangekom het. Twee ander vliegtuie moes die Avro York te hulp snel om die passasiers te vervoer, maar ook hulle het in die moeilikheid geraak.

Die Avro York het in Kartoem bly steek nadat daar moeilikheid met sy stuur ontstaan het.

Die Avro York-vliegtuig van die Springboklugdiens wat dieselfde week uit Johannesburg na Brittanje moes vertrek, kon eers drie dae later vertrek omdat 'n nuwe motor aangebring moes word.

Gedurende die week wat hierdie vertraging voorafgegaan het, het twee Avro Yorks meer as 'n dag laat op die Johannesburgse vliegveld aangekom. Dit het op sy beurt weer die vliegtuig wat na Londen moes vertrek, vertraag.

Dieselfde storie het hom gedurende die afgelope dae herhaal, toe die Avro York wat verlede Donderdag na Londen moes vertrek, eers Saterdagoggend uit Johannesburg kon opstyg. Die Avro York wat verlede Maandag na Engeland moes vertrek, kon eers gister wegkom. Sy vertraging is veroorsaak deur die feit dat die Avro York wat uit Brittanje na Suid-Afrika moes vertrek, ook vertraag is.

Die Britse Avro York-vliegtuie is deur die Unie-regering in gebruik geneem in weerwil van die feit dat hulle geweet het dat die Amerikaanse Skymaster-vliegtuie beter diens lewer en ook meer passasiers vervoer. **Die Britse Avro York-vliegtuig vervoer 12 passasiers op 'n keer en neem gemiddeld 62 uur vir 'n reis tussen Johannesburg en Londen, terwyl die Amerikaanse Skymaster 40 passasiers vervoer en dieselfde afstand in 27 uur aflê.**

Die skilpadgang van die Britse produk het die regering genoodsaak om 'n Skymasterdiens langs die Avro York-diens in te stel omdat die Britse produk herhaaldelik gefaal het.

Die amptelike omslagtigheid in verband met die lugvervoer is verlede week op die verkeerskonferensie in Johannesburg deur die direkteur-generaal van internasionale lugvaart gelaak. Hy het verklaar dat dit vier dae neem om 'n kaartjie vir 'n lugreis te kry wat slegs tien minute duur. Op 'n reis tussen Londen en Sydney moet die loods van 'n vliegtuig 1,200 vorms invul. Dit veroorsaak geweldige vertraging.

# JODE ERKEN DEELNAME AAN NEURENBERG

***Die afleiding van Die O.B. uit die persberigte omtrent Julius Streicher en Sauckel se uitlatings teen die Jode toe hulle na die galg in Neurenberg gebring is, nl. dat die Duitse leiers aan die Jode uitgelewer is vir wraakneming, word nou bevestig deur 'n artikel in 'n Joodse blad, Zionist Record, waarin onomwonde gespog word met diê aandeel wat die Jode in die verhoor en teregstellings geneem het.***

**Dat soiets gebeur het op 'n tydstip wanneer die Jode in die hele Europa vervolg word en daar in alle dele van die wêreld 'n gevoel teen die Jode begin oplaai, is een van die onverantwoordelikste dade wat die Geallieerdes nie teenoor die Duitse leiers nie, maar teenoor die Jode self gepleeg het.**

Die artikel wat geskryf is deur 'n Joodse korrespondent in Duitsland, verklaar dat die Jode die grootste aandeel in die verhoor en voltrekking van die vonnisse gehad het. Sowel die regsadviseurs en vervolgers as die tronkbeamptes was Jode.

Die geregshof van Neurenberg was 'n internasionale hof, verklaar die blad en beklemtoon: „Die mees vooraanstaande nasionale groep in die Neurenbergse Paleis van Justisie was 'n Joodse. Amptelik het alle nasies wat onder die Nazis deurgeloop het, afgevaardigdes na die Paleis gestuur, die Jode was die enigste uitsondering. Hulle is nie erken as 'n volk wat die reg het om hul stem in die beskuldiging teen die Nazis te verhef nie. Maar in werklikheid het 'n aansienlike aantal Jode deel uitgemaak van byna elke afvaardiging en belangrike poste in die vervolgingspersoneel en die administrasie van die hof beklee.

### TOLKE

„Meeste van die tolke wat die verskillende afvaardigings vergesel het, was Jode wat die vier tale waarin die verhoor gevoer is, magtig was.

„Met tye het die tolke in die hof uitsluitlik uit Jode bestaan („Goyim-rein"). Mens kon dikwels hoor hoe die verduideliking in Jiddish gefluister word. Die private tolke van die regters was Jode, 'n aansienlike aantal van die wetsadviseurs van die vervolgers van die „Vier Grotes", was Jode en ten slotte was 'n groot aantal van die persverteenwoordigers wat deur die verskeie lande gestuur is om verslag te doen van die verhoor, ook Jode."

Die Jode was die skakel tussen die verskillende volke wat daar teenwoordig was, verklaar die blad. Die Joodse gemeenskap in die Paleis van Justisie was goed saamgesmee en het die wydste sosiale kring gevorm. „Duitse en Oostenrykse Jode wat na die meeste lande gevlug het, was die werklike meesters van die tegniese werk by die Paleis.

### TRONKBEAMPTES

„Byna al die ondervragings van die beskuldigdes is gedoen deur Joodse offisiere van die Amerikaanse leër, en dit was aangenaam om te sien dat die verklaring van Göring onderteken is deur maj. Joseph Cohen, dat Rippentrop se belydenis deur luit. Abraham Schwartz afgeneem is en dat Streicher sy getuienis in die tronk voor luit. David Stein afgelê het," aldus die korrespondent.

„Die inligtingsdiens van die hof aan al die Duitse koerante in die besettingsgebiede, is beheer deur kapt. Stricker (seun van 'n vooraanstaande Venisiese Zionis, Robert Stricker, wat deur die Nazis vermoor is).

Die meeste van die tronkbeamptes met wie die Nazis in aanraking gekom het, was Jode van die Amerikaanse leër wat dit baie duidelik aan die Nazis gestel het dat hulle Jode is." Ook hul briewe is deur Jode gesensor.


In die artikel word verklaar dat die Duitse leiers baie verbitter was oor die feit dat Jode hulle opgepas het, maar dat die Jode dit as deel van hulle straf beskou het.

Jode het ook die getuienis teen die Duitse leiers voorberei. Die klag van die Jode is nie as 'n geheel ingedien nie, maar broksgewys saam met dié van ander nasies.

### DUITSE VOLK

Die Duitse volk het baie gou te wete gekom dat die Jode tot 'n groot mate by die verhoor ingeskakel is, verklaar die blad. Oral in die besette gebiede het die Duitsers die feit bespreek dat die Jode besig is om wraak te neem. Die Duitse volk is daarvan oortuig dat die Amerikaanse regter Jackson niemand anders is as „die Jood Jacobson," dat die Britse vervolger, sir David Maxwell Fife, „die verbloemde Jood David Fifenheim" is, vervolg die korrespondent. Hulle beskou regter Lawrence as die tipiese Jood, Lowenhertz.

# 11,000 Myl Sonder Sit



'n Amerikaanse Lockheed Neptune-vliegtuig het verlede maand die wêreldrekord geslaan met 'n ononderbroke vlug van 11,237 myl wat hy in 55 uur 18 minute afgelê het. Die foto toon hoe die vliegtuig die lug ingehelp word met vuurpyle. Dit is vliegtuie soos hierdie waarmee V.S.A.-offisiere spog dat hulle 'n atoombom op enige stad in die wêreld kan afgooi.

# Indiërs se Aandeel In Swartmark

In die afgelope weke het die owerheid dit telkens noodsaaklik geag om klopjagte op Indiërwinkels in Transvaal uit te voer om beslag te lê op die skaars voedselsoorte wat hulle opgaar en teen swartmarkpryse verkoop. Amptenare van die kantoor van voedsel en prysbeheer het dit weer nodig geag om 15 winkels in die Indiese winkelbuurt van Vereeniging deur te soek. Daar is beslag gelê op kook-olie, tee, suiker, rys en gekondenseerde melk. Die meeste van die goed was weggesteek. In een winkel het die amptenare soveel as 5,000 pakke kerse gevind. Onder die seep wat gevind is, is kiste bekende seep waaronder voor-oorlogse toiletseep.

Soortgelyke klopjagte wat dieselfde resultate gelewer het, is etlike weke gelede aan die Rand en op Rustenburg uitgevoer.

## VERBROKKELDES SAL SELF MOET SORG

Die Britse regering is van voorneme om selfregering aan drie provinsies in die Britsbesette deel van Duitsland toe te ken. Die planne is reeds in die hande van Duitse hoofde en dit sal op 1 Januarie in werking tree. Die verantwoordelikheid vir die bestuur en voedselverskaffing aan 22,000,000 mense sal dan op die skouers van die Duitsers rus. Die bestuur van die provinsies is geskoei op die beginsels van die Australiese konstitusie.

## ANTWOORD OP GERUG MET AANDELE

Mnr. A. H. Stander van Graaff-Reinet het besluit om 100 aandele as eerste paaiement van 1,000 aandele in Perskor te neem as antwoord op 'n gerug wat in sekere kringe versprei word as sou hy die Ossewabrandwag wil bedank. Daarmee hoop hy sal die storie vir goed die kop ingeslaan wees.

## GROTER VRIENDSKAP TUSSEN INDIË EN RUSLAND

Die Indiese regering het aangekondig dat Rusland hom bereid verklaar het om diplomatieke verteenwoordigers met Indië te ruil. Die Indiese afgevaardigdes op die V.V.O. is ook verseker dat hulle die heelhartige steun van Rusland sal geniet in die poging om lid van die Veiligheidsraad te word.

# Duitse Fabrieke Produseer Vet Vir Rusland

**Rusland is besig om die Duitse ekonomie op groot skaal vir sy eie voordeel aan te wend. Al die fabrieke in Oos-Duitsland het nou in Russiese hande of Russiese beheer oorgegaan onderwyl die grootste gedeelte van die produksie-opbrengs na Rusland vervoer word waar dit uitsluitlik tot Russiese voordeel aangewend word.**

Sowat 70 persent van die fabrieksopbrengs word na Rusland geneem as herstelbetalings terwyl die grootste gedeelte van die orige dertig persent bestee word aan die onderhoud van die Russiese soldate in Duitsland. **Die Duitse burgers in hierdie besettingsgebied het dus geen hoop om hulle allernoodsaaklikste bestaansmiddele in die hande te kry nie.**

Die fabrieke staan almal onder Russiese beheer. Hulle word op drie maniere beheer, nl. direk deur die Russiese militêre owerheid, 'n gedeelte word direk vanuit Moskou beheer terwyl die res deur 'n pas gevormde Sowjet-Industriële Korporasie beheer word, skryf 'n korrespondent van die Londense Times.

Die goedere word gebruik vir die onderhoud van die rooi leër in Rusland en Duitsland. Alle sleutelbedrywe staan vandag onder Russiese beheer en dien Russiese belange.

Die Russe is besig om kartelle op te rig en beskou dit as die beste manier op die fabriekswese in die moderne ekonomie tot sy reg te laat kom. **In die verlede het hulle die kartelle van vreemde moondhede veroordeel en aangevoer dat dit alleenlik vir politieke voordeel aangewend word.** Die stigting van Russiese kartelle in Duitsland het met groot geheimhouding plaasgevind.

**INDONESIË WORD REPUBLIEK:** Na samesprekings het die Nederlandse en Indonesiese verteenwoordigers ooreengekom dat Indonesië met inbegrip van Java en Soematra as republiek erken word. Hierdie ooreenkoms is voorafgegaan deur binnelandse oproer teen die aanwesigheid van Nederlandse soldate in Indonesië.

## SMUTS BETIG SOWJET

**„Rusland handhaaf twee standaarde van gedrag — een vir homself as grootmoondheid en 'n ander vir kleinmoondhede soos Suid-Afrika," het genl. Smuts verlede week oor die Amerikaanse radio gesê met verwysing na Rusland se houding oor die inlywing van Suidwes.**

„Met die oog op sy eie veiligheid, sonder meer en sonder om iemand anders te raadpleeg, lyf Rusland groot gebiede soos die Kuriles in, maar as Suid-Afrika, met die oog op eie veiligheid die saak van Suidwes-Afrika by die V.V.O. ter sprake bring, het Rusland sterk besware daarteen. Moet die wêreld dan afsonderlike reëls van optrede erken vir sterkes en swakkes waar dit veiligheid aangaan?", het hy gevra.

## VOER IN

Die Unie-Departement van Gesondheid het opdrag gegee dat die amptenaar van die departement wat tans in Brittanje is, ondersoek moet instel na die moontlikheid om verpleegsters uit Engeland en ander Europese lande na Suid-Afrika in te voer om die tekort in Suid-Afrika aan te vul, volgens 'n aankondiging deur dr. H. Gluckman, Minister van Gesondheid.

## „ONS ENIGSTE VADERLAND" SÊ HOFMEYR

In 'n toespraak voor die Natalse Verenigde Party-Kongres het min. J. H. Hofmeyr met verwysing na die Indiërprobleem in Suid-Afrika verklaar dat die kleurprobleem van die Unie, 'n vraagstuk van besondere karakter is. „Ons sê dat mense buite Suid-Afrika nie ons rasse-probleme verstaan nie. Die rede daarvoor is omdat die probleme verskil van die van ander lande.

**„Dit is by voorbeeld nie 'n land soos Indië waar die witman 'n trekvoël is nie. Dit is 'n land wat geskik is vir permanente blanke bewoning. Dit is al vaderland wat ons ken," het hy verklaar.**

# Oud-Geinterneerde Word Burgemeester Van Hoofstad

**Die eerste burger van die hoofstad van die Unie is 'n oud-geïnterneerde van Koffiefontein. Hy is mnr. D. P. van Heerden wat verlede week tot burgemeester verkies is nadat min. Sturrock geweier het om die benoeming van mnr. A. B. Sidey, 'n Arbeiders-kandidaat wat met die Federasie saamwerk, toe te laat, omdat hy 'n spoorwegamptenaar is.**

In sy toespraak by geleentheid van sy instelling het mnr. Van Heerden beklemtoon dat daar geen rasse-diskriminasie gedurende sy ampstermyn sal wees nie. Die Federasie, wat tans die beheer in die raad het, het dan ook in teenstelling met die Engelse P.C.U. se beleid verlede jaar, die grootste mate van regverdigheid aan die dag gelê deur vier uit die agt voorsitterskappe van komitees aan die P.C.U. te gee.

**Deur hierdie stap het die Federasie 'n verdere bydrae gelewer tot die poging om partypolitiek uit die stadsraad van die hoofstad te hou.**

# Handelsinstituut Gee Wenke Aan Staat

**Die Afrikaanse Handelsinstituut het hom in 'n verklaring sterk uitgelaat teen die moontlike devaluasie van die Suid-Afrikaanse pond om die goudmyne met hul stygende koste tegemoet te kom.**

Die Handelsinstituut gee toe dat daar 'n aansienlike styging was in die koste van die goudmynbedryf sedert 1939, wat gelyk staan met 38 persent teenoor 'n styging van 15 persent in die prys van goud. Dit het die goudmyne swaar getref.

Devaluasie kan alleen in 'n noodtoestand plaasvind, lui die verklaring.

Die Handelsinstituut beveel aan dat die staat onmiddellik aandag aan die goudmyne gee en verhoed dat die koste van die goudmyne verder in die hoogte styg. Indien die myne moet sluit, vanweë die hoë produksiekoste, sal dit die ekonomie van die land nadelig tref.

Die Instituut doen sekere maatreëls by wyse van wenke aan die hand vir 'n doelbewuste regeringsbeleid.

Hy beveel aan dat daar nie verdere verhogings van lone toegelaat moet word nie. Dit is in die werkers se eie belang. Indien die lone verhoog word, sal dit die terugslag verhaas.

### LAER WINSTE

Tweedens, op die sakewêreld rus daar 'n verantwoordelikheid om die lewenskoste deur middel van laer winsgrense en gevolglike laer pryse af te bring. Indien sakemanne dit nie wil doen nie, moet die regering dit doen.

As 'n verdere optrede moet die regering die styging van spoorwegtariewe vermy. Die onlangse verhoging van 20 persent, meen die Instituut moes nooit plaasgevind het nie. Die tariefdiskriminasie tref die goudmyne ook swaar.

Die Instituut ag dit vierdens noodsaaklik dat die staat en openbare en semi-openbare liggame moet oorgaan tot 'n beplande anti-sikliese bestedingsbeleid, waardeur uitgawes in tye van voorspoed, soos tans, tot 'n minimum beperk kan word.

'n Groter meganisering en doeltreffender bestuur vir die goudmyne asook subsidiëring van swakker myne uit die winste van die ryk myne as laaste stap, word aanbeveel.


## SCHOEMANELLO DRANK

**Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste**

KOOP DIREK TEEN GROOT-HANDELS-PRYSE

| | Per bottel van 4 tot 12 in 12-bottel-kissies | Per gell. in vaatjies van 5 gell. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/0 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Wocester Hock en Pontak | 1/7 | 7/0 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë) Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soetrig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN.**
BUS 142 OUDTSHOORN


# Unie-Grondwet Is Verouderd Sê Advokaat

**Die noodsaaklikheid om die Suid-Afrika-Wet te wysig ten einde aan te pas by die veranderde omstandighede is verlede week deur adv. A. H. Broeksma, gewese prokureur-generaal van Kaapland, voor die regsmediese vereniging beklemtoon.**

Dr. Broeksma het gesê dat die Suid-Afrika-Wet van 1910 geen rekening gehou het met baie sake wat vandag van nasionale belang is nie. Dit het by voorbeeld nie rekening gehou met die feit dat ons ekonomiese, industriële en maatskaplike gebou rus op die vier hoekstene van behuising, hospitaalwese, doeltreffende verspreiding van voedsel en gesonde onderwys nie. Hierdie sake, wat tussen die provinsiale rade en plaaslike besture verdeel is, het feitlik almal sake van nasionale belang geword. Die skouspel dat provinsiale rade en plaaslike besture veg om hul greep te behou op magte wat aan hulle verleen is, is in sekere opsigte vermaaklik, maar dit het gevaarlike aspekte. Daar is botsing tussen provinsiale en plaaslike besture en gesamentlike botsings van die plaaslike en provinsiale besture teen die sentrale regering.

### EEN HOOFSTAD

Adv. Broeksma het ook gepleit vir die afskaffing van die stelsel van twee hoofstede. Dit veroorsaak onnodige onkoste. Indien daar een hoofstad is, sou die staatsamptenare met eenderde verminder kon word. Dit is 'n baie belangrike aspek, het hy gesê, met die oog op die huidige tekort aan amptenare.

Spr. het ook voorgestel dat Suid-Afrika 'n soort Geheime Raad soos Brittanje in die lewe roep om ouer manne wat ondervinding opgedoen het en nie begerig is om aan die partypolitiek deel te neem nie, kans te gee om as 'n gekose raad by te dra tot die standvastigheid van die staat.


## Gebruik „DIE O.B."

om u vriende met Kersfees geluk te wens

„DIE O.B." van 18 Desember sal u Kers- en Nuwejaarsgroete aan u vriende oor die lengte en breedte van Suid-Afrika bring. Die koste is slegs 3s. vir 24 woorde of minder; 1d. vir elke addisionele woord

***Vul onderstaande koepon dadelik in en pos dit vroegtydig. SLUITINGSDATUM 10 DESEMBER.***

*Aan VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 28, STELLENBOSCH.*

*Geliewe onderstaande Kersgroete in „Die O.B." van 18 Desember te plaas, waarvoor ek poswissel/tjek van ............ insluit.*

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

Naam ..........................................................................

Adres ..........................................................................

# Sal Net Stem Vir Volksfront

„Wat my die meeste getref het gedurende my reis deur die generaalskap van George, was die vasberadenheid van die Brandwagte om nie weer by 'n party-verkiesing en vir 'n party-kandidaat te gaan stem nie; ook is daar heelwat mense buite die O.B.-verband wat dieselfde sienswyse toegedaan is," het mnr. E. J. H. Smith, O.B.-organiseerder, in 'n onderhoud aan Die O.B. verklaar.

„Uit die vrae wat die mense my gestel het, en uit die algemene gevoel wat die lede van die O.B. geopenbaar het, het ek die indruk gekry dat dit 'n streng bevel sal kos om die mense te beweeg om te gaan stem."

Mnr. Smith het verklaar dat die reorganisasie nou weer in die haak is en dat dit die mense met nuwe moed besiel het. Die volgende plekke is besoek: Knysna, Middelrug, George, Outenikwa, Grootbrak en Mosselbaai. Op Mosselbaai is twee kommando's weer op die been gebring. Aan die hoof van die manne-kommando staan komdt. W. J. Zietsman, terwyl komdte. mev. J. E. de Villiers die leiding van die vroue op haar geneem het. Offisiere in al die afdelings getuig van moed en ywer vir die volksaak. Getuienis van die bloei van die O.B. is dat komdt. A. F. Meyer van die George-kommando na die besoek van mnr. Smith aansoek gedoen het om 600 ledekaarte.

„Die gedagte van beroepsverteenwoordiging in plaas van partyverteenwoordiging vind veral byval onder die mense wat ek besoek het," het mnr. Smith gesê. „Van een ding is hulle vas oortuig, nl. dat die oorwinning oor die imperialistiese regering alleen verkry kan word as alle nasionaalvoelende groepe saamwerk by die volgende verkiesing."

Hierdie afdelings sal binnekort 'n Boerevolksdag hou en die organisasie hiervan gaan met groot geesdrif gepaard. Hulle is reeds besig met die stigting van 'n O.B.-orkes.

## Pretoria Werk Vir Kersfees

(Eie Korrespondent.)

PRETORIA. — Die Brandwagte van komdt. H. van der Walt (Pretoria-Moot) het nog steeds die skouer aan die wiel. Die weeklikse volkspele, wat gedurende die koue maande tydelik gestaak is, is so pas weer hervat. Die kommando het nou 'n volkspelelaer gestig en hulle is van voorneme om van die weeklikse byeenkomste 'n groot sukses te maak en sodoende gesonde afleiding aan Brandwagte te verskaf.

Verder is die kommando, in samewerking met die dames onder komdte. Eloff, hard besig om te organiseer vir 'n verskeidenheidskonsert wat op 30 November in die Masonicsaal, Villieria, sal plaasvind. Die middag sal die jongspan onthaal word, deels ook met die oog op nuwe lede vir die Boerejeug. Die doel van die aand se verrigting is om geld wat die mans- en vrouekommando's vir algemene organisasiekoste moet bydra, in te samel.

Hierdie kommando's het ook op 'n onlangse Offisiersraad besluit om 'n ektsra poging aan te wend om vir die Kerstyd wat voorlê groter bydraes vir die Noodhulpfonds in te samel.

## POTGIETERSRUS VOL GEESDRIF NA REORGANISASIE

Genl. M. M. Smith, organiserende stafhoof van Gebiedskwartier F, en genl. G. F. C. Gibson, hoof-generaal van F1-2-10, het 'n geslaagde reorganisasiereis deur generaalskap F10 afgelê. Altesaam is daar 10 vergaderings en offisierssamesprekings gehou. Kommando's wat in die verlede te uitgestrek bevind was, is nou verdeel sodat offisiere beter hulle pligte kan uitvoer. Die generaalskap bestaan nou uit dertien manne-kommando's met aanvullende vroue-kommando's. Die kommandorade van sewe van hierdie kommando's is volledig saam- en ingestel. Van die ander kommando's is òf die manne-afdeling òf die vroue-afdeling in die haak.

Offisiere is oral ywerig aan die werk en verwag word dat die generaalskap, na 'n rusperiode, weer sy ou geesdrif, krag en volharding aan die dag sal lê. Dit was 'n puik generaalskap en sal dit seer seker weer word. — (Ingestuur.)

## GROOT FEES TE PAARDEKRAAL

Die Paardekraalfeeskommissie versoek dat persone wat die groot fees van 14 tot 16 Desember wil bywoon, liefs hul plekke vroegtydig op die terrein moet bespreek. Besprekings vir staanplek en tente word tot 26 Nov. ingewag. Daar is twee tipes tente vir feesgangers beskikbaar, nl. 'n groot Markeetent van 15 by 30 voet waarvan die huurgeld £4 vir die duur van die fees sal wees, en 'n vierkantige tent van 14 by 14 voet waarvan die huurfooi £1 10s. is.

Bestellings moet skriftelik geskied aan: Sekretaris, Paardekraalfeeskomitee, Beginstr. 5, Krugersdorp. 'n Deposito van £1 moet bestellings vergesel.

Feesgangers sal vir drie dae voorsien word van eetwares. Kookgeriewe sal verskaf word.

Daar sal ook 'n jukskeitoernooi afgespeel word onder die organisasie van die Jukskeibond. Spelers word in 'n spesiale tentlaer gehuisves.

Volksvaders en -moeders wat in 1880/1 klippe gelê het op Paardekraal, asook oud-stryders, oud-artilleriste, oud-polisie van die Z.A.R. en oud-verpleegsters sal eregaste by die fees wees.

## DUITSERS BRAND FABRIEKE AF

Sabotasiepleging deur die Duitsers onder die besettingsowerheid van die Russe het so 'n omvang aangeneem dat die hulp van die Russiese soldate ingeroep moes word om die fabrieke te bewaak. Dit is gedoen as gevolg van die jongste brand en twee fabrieke in Sakse.

Die Klaus-tekstielfabriek in Plauen is deur brand vernietig terwyl 'n tweede brand binne tien dae in die Hösch-selulosefabriek uitgebreek het. Die brande is vermoedelik gestig deur Duitse brandstigtingsgroepe wat hulle daarop toelê om die vyand te saboteer. Vyf ander fabrieke is vroeër hierdie maand afgebrand.

## Pretoria-Moot Hou Laertrek

(Eie Korrespondent.)

PRETORIA. — Die Brandwagte van kommandante Jos. J. Prinsloo en Hendrik van der Walt het onlangs 'n besonder geslaagde kamp gehou tussen bosryke natuurskoon op 'n plaas in die Pretoria-distrik. Kommandant Prinsloo was offisier-in-bevel terwyl komdt. Van der Walt as kampkommandant opgetree het. Wagkomdt. Hickman van Kaapland, wat in verband met sake op Pretoria was, het ook die kamp bygewoon.

Met die aanvang van die verrigtinge het komdt. Prinsloo die Brandwagte toegespreek. Die doel van die O.B., het hy gesê, is om die Afrikanergees wat tydens die Ossewatrek tot uiting gekom het, in stand te hou. Ons werk is om die wiel aan die rol te hou — en een van die beste maniere om dit te doen is deur in plaaslike groepies laertrekke te hou en sodoende die ontwaakte Afrikanergees wakker te hou.

Die laertrek het die gebruiklike vlagparades ingesluit, vergesel van Skriflesing en gebed. Verder is die tyd nuttig deurgebring met uitstappies en swem.

Kommandant Hickman het waardevolle hulp verleen by die verskillende parades en het ook die aand om die kampvuur 'n lesing gegee oor die saluut en die pligte van Brandwagte en offisiere.

## Kommando Weer Aan Beweeg

PRETORIA. — Na 'n rustyd van etlike maande het kommandantskap F4f2, onder die bekwame leiding van kommandant Prinsloo, wat so pas hierdie kommando oorgeneem het, weer met volle ywer aan die werk gespring.

Op Maandag, 21 Oktober, het die kommandant en adjudant begin met die reorganisasie van die Kommando. Dieselfde aand nog is 21 lede geskakel.

So vinnig het die kommando gedurende die volgende week uitgebrei, dat binne 10 dae na die eerste lid ingeskryf is, 'n byna volledige kommandoraad saamgestel kon word, en 'n eerste laertrek gereël is vir 2 November.

Wagkommandant Hickman van Kaapstad, wat teenwoordig was, het veral baie belang gestel in die houtsoorte met die oog op draaiwerk, ens. vir 8 Augustus — wat op hierdie bosveldplaas nog in oorvloed te kry is. Mnr. Kock, die eienaar van die plaas, het die kommando dan ook genooi om hout vir hierdie doel te kom haal. Die kommando is hom baie dank verskuldig hiervoor en sal seker van sy aanbod gebruik maak.

Die kommando soek tans na 'n geskikte plek waar sy lede een of twee keer per week kan vergader vir die vervaardiging van artikels vir Fondsdag 1947. —(Ingestuur.)

**MOSTERDGAS BY P.E.:** 'n tweede ongeluk waarby vissers deur mosterdgas brandwonde opgedoen het, het verlede week in Port Elizabeth voorgekom toe nie-blanke vissers vier konkas mosterdgas wat deur die regering in die see geberg is, in hul visnette opgehaal het. Agt naturelle het brandwonde opgedoen. In Julie van hierdie jaar is verskeie vissers ook behandel nadat hulle op 'n soortgelyke wyse wonde opgedoen het.


Stuur u POSBESTELLINGS vir
- KANTOORBENODIGDHEDE en
- SKRYFBEHOEFTES

na

SOLMS VAN NIEKERK

Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

MARKAGENTSKAP

VROEË MÔRE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR EN VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF

*DIE FAIRMONT BIO-PSIGOLOGIESE NAVORSINGS-SANATORIA*

vir


*geestelike, verstandelike en morele heraanpassing in ontwrigte lewensomstandighede.*

Kom raadpleeg of skryf aan ons.

HOFSTRAAT, 26,
KAAPSTAD.
Foon 3-1788.

**Kersfeeskaartjies**


MET O.B.-WAPEN



Vier verskillende kaartjies met die volgende ontwerp: (1) O.B.-wapen in twee kleure gedruk; (2) O.B.-wapenontwerp deur 'n O.B. in die Sentrale Gevangenis ontwerp; (3) en (4) Diere sketse in twee kleure met wapen binne in en bypassende slagspreuke.

MET KOEVERTE 4/6 per dosyn posvry.

SONDER WAPEN



REEKS A — Met verskillende bewoordings en verskillende ontwerpe. Gedruk op kuns-karton in drie kleure. Ontwerpe van Suid-Afrikaanse Blomme en Tonele. Grootte 4½ x 5 dm. Met koeverte van 'n baie goeie kwaliteit.

5/6 PER DOSYN — POSVRY

REEKS B — Met verskillende bewoordings en verskillende ontwerpe, in drie kleure gedruk op kunspapier. Grootte 3½ x 5 dm. Met koeverte.

2/9 PER DOSYN — POSVRY

REEKS C — Met verskillende bewoordings en verskillende ontwerpe, gedruk in reliëf in kleur op harde karton. Met koeverte.

4/6 PER DOSYN — POSVRY

**Pro Ecclesia-Boekhandel**

POSBUS 29 — STELLENBOSCH

*Die O.B. is die Advertensieblad van die toekoms. Gebruik sy geklassifiseerde kolomme.*

DIE O.B., WOENSDAG, 20 NOVEMBER 1946.

# O.B.-Koers Vat Pos

Mnr. A. H. Broeksma, K.C., gewese prokureur-generaal van Kaapland, het onlangs voor die Regsmediese Vereniging interessante uitlatings gedoen. **Sy uitlatings verdien aandag omdat dit 'n aanduiding is van die rigting waarin vrye manne dink — manne wat nie die mondstukke is van hierdie of daardie politieke party nie.**

**Vir O.B.-lede is mnr. Broeksma se uitlatings ook interessant omdat dit vir hulle bewys lewer van die aanklank wat die O.B.-beleid vind in kringe geheel buite O.B.-verband.**

Mnr. Broeksma het dit gehad oor die noodsaaklikheid om die Suid-Afrika-Wet te wysig.

Hy het gewys daarop dat hierdie wet 'n noodlottige konflik veroorsaak ten opsigte van die vier hoekstene waarop ons ekonomiese, industriële en sosiale struktuur rus, nl. behuising, hospitaaldienste, behoorlike distribusie van voedsel, en deeglike opvoeding.

**Hierdie aangeleenthede wat vandag van eersterangse nasionale belang is, word deur die grondwet opgedra aan Provinsiale Rade en plaaslike besture. En die tragiese feit is dat die Provinsiale Rade en plaaslike besture mekaar in die hare vlieg en later weer gesamentlik opruk teen die Unie-regering. Daar is dus 'n tragiese botsing in ons volkslewe t.o.v. hierdie vier fundamentele nasionale behoeftes.**

As voorbeeld van die frustasie en onmag wat uit hierdie botsing vloei wil Die O.B. sy lesers verwys na die eierdanse van die huidige Minister van Volksgesondheid wat selfs sy eie verslag (Gluckman-verslag oor Nasionale Gesondheidsdiens) moes verwerp in die aangesig van die teenstand van die Provinsiale Rade en plaaslike besture.

## DESKUNDIGE KRAGTE

Mnr. Broeksma het voorts aanbeveel dat instede van gekose komitees wat kom en gaan daar 'n permanente raad, min of meer op die lees van die Britse Geheime Raad ingestel word. **Dit sal die regering in staat stel om deskundige kragte te koöpteer op die gebied van handel, nywerheid en alle ander gebiede waar probleme vir oplossing wag. Op hierdie wyse kan manne van ervaring, wat onder die huidige stelsel op die rakke weggebêre word as hulle nie aan die partypolitiek wil deelneem nie, hulle land en volk in 'n konsultatiewe en raadgewende hoedanigheid dien — tot voordeel van die huidige stelsel van regering.**

Om te wys hoedat mnr. Broeksma se gedagtes by die O.B.-koers aansluit haal ons punt twee van die Beleidsverklaring van die Ossewabrandwag volledig aan:

**„Om die huidige parlementêre, provinsiale en munisipale instellings te vervang, moet daar een kragtige en deskundige gesagsregering wees oor die hele land, met inskakeling van ware Volks- en beroepsverteenwoordiging op alle gebiede en in alle belange."**

Die wysiging in ons staatstelsel wat mnr. Broeksma aanbeveel is 'n stap in die regte rigting. **Maar dit gaan hoegenaamd nie ver genoeg nie. Wat nodig is, is nie kol-hervorming nie, maar 'n algehele verandering van die bestaande en uitgediende parlementêre stelsel.**

# Suidwes-Afrika

Die besprekings in die Verenigde Volke-organisasie oor die Unie se aansoek om inlywing van Suidwes-Afrika het 'n paar dinge baie duidelik na vore gebring. **Die eerste is dat die Unie se bydrae tot die internasionale geweldpolitiek totaal buite verhouding staan met die erkenning en respek wat ander volke vir die Unie as soewereine staat het.** Die smalende opmerkings oor die Unie se waardigheid en bekwaamheid van die kant van sekere buitelandse state, waarmee selfs Amerika hom vereenselwig het, het nie aan 'n hoogste diplomatieke vergadering herinner nie, maar aan die seepkis-propaganda van die Kaapstadse Parade. As dit die agting is waarmee die Unie se soewereiniteit bejeën word in 'n bond van oorwinnaarsvolke, moet dit vir elkeen wat nog getwyfel het, duidelik word dat die Unie homself ooreis het met sy oorlogspoging.

En hiermee hang saam die tweede punt: Die samestelling van die na-oorlogse wêreld vandag is van so 'n aard dat een gemeenskaplike volkebond vir die aardbol 'n onnatuurlike en magtelose onding is wat sy einde veel gouer tegemoet snel as die ou Volkebond van voor die oorlog. Dit word gestaaf deur genl. Smuts se dreigement om Suidwes in elk geval te behou ongeag die besluit van die V.V.O.

**Die volharding in goedkoop aantygings ten spyte van die donderende argumente wat genl. Smuts aangevoer het, en laasgenoemde se onvermoë om die teenstand met koue logika te breek, het genoegsame bewys gelewer dat geen saak voor hierdie wêreldraad op verdienste behandel word nie, maar dat daar twee wêrelde is — 'n blanke Weste en 'n nie-blanke Ooste wat met geen logiese argumente aaneen gesmee kan word nie. Dit het ook bewys dat die soetsappige liberalisme van sekere westerse volke 'n gedugte bondgenoot van die oosters-bolsjewistiese konstellasie is, wat blykbaar nog lank geduld sal word om sy vyfdekolonne-werk te verrig.**

In sulke omstandighede skyn dit nou al belaglik te wees vir Suid-Afrika om langer vertroue te hê in 'n internasionale organisasie wat meer 'n instrument van oosterse oorheersing is as van onpartydige beregting.

Wat die inlywing van Suidwes-Afrika self betref, voel ons dat dit 'n saak tussen Suid-Afrika en Duitsland is en nie van 'n kombinasie waarin Rusland, Sjina, Indië en Cuba blykbaar die grootste seggenskap het nie. Dat Suidwes uit alle praktiese oorwegings by die Unie hoort, netsoos Oostenryk by Duitsland, kan nouliks weer spreek word, maar per slot van sake sou eensydige inlywing Suid-Afrika op gelyke voet met die Britse imperialisme stel Dit kan alleen verhoed word deur Suidwes deel van die Unie te maak kragtens 'n reëling met Duitsland self. Tot dan sal dit in elk geval verstandig wees om dit te behou as mandaatgebied, soos genl. Smuts te kenne gegee het, liewer as om dit in die skoot van derde partye te laat val wat daar niks mee te make het nie.

# NIE GELD, DOG ARBEID IS VOLK SE KAPITAAL

**'n Eeu lank het die Afrikanerdom feitlik sy hele gewig op die kulturele en konstitusionele terrein ingegooi. Aan hierdie stryd het die Afrikaner soveel krag en tyd spandeer dat daar vir die ander take haas geen krag en aandag afgestaan is nie. Sosiale werk is grotendeels deur die kerk en liefdadigheidsinrigtings gedoen. Dit het nou die taak geword om daardie verpligtinge wat ons voorgangers noodwendig links moet laat lê het, aan te pak en te volvoer.**

Die landseun was in die verlede die ongeskoolde werker en vir bykans 'n halwe eeu was die uitlander — en veral die jood — die baas, van wie hy afhanklik was. **Maar as die Afrikaner dan die meerderheid van die werkers uitgemaak het, wat vir 'n gebiedende noodsaaklikheid is dit nie vir die Afrikaner om die sosialistiese standpunt as 'n volkspolitieke vanselfsprekendheid te aanvaar!**

## DIE ONTWAKING

Die Arbeidsfront van die Ossewabrandwag is 'n nasionale poging om die skeidsmuur tussen „politiek" en „ekonomie" in die gedagtegang van ons volk te sloop **en om sulke volkskragte wat nie dringend en gebiedend op ander fronte vereis word nie, in te span in die strewe van die Afrikanerwerker, in sy stryd om behuising en kledings- en voedingsmiddele . . . kortom, in sy stryd om die bestaan.**

Nou wil die uitbuiters ten hemel skree dat hulle die slagoffers van 'n „nasionaal-sosialistiese sameswering" word; orals speur hulle nou „onderaardse en ondermynende kragte" wat hul tot dusver onbeteuelde uitbuiting wil kortwiek. Sulke geskreeu en geweeklag laat ons koud. Ons het geleer — weliswaar ietwat laat in die dag geleer — **dat 'n idealisme wat nie met sy voete in die werklikheid staan nie, min praktiese waarde het.** Dat 'n volk 'n siel het, wil ons geredelik erken en toegee; maar dan ook dat hy 'n liggaam het en dat daardie liggaam beskerming nodig het.

## WERKLIKHEID

Is dit alles „sosialisme" . . . „Nasionaal-sosialisme"? Ons stel belang nie in die een of ander woord met al sy betekenisse en bybetekenisse nie; ons stel belang in lewensnoodsaaklike en ooglopende feite, soos

### O.B.-Beleid

**armoede en verarming en die vlug na die stede, waar boereseuns en boeredogters hulle brood moet gaan verdien en by die vreemdeling as dagloners gaan werk soek.** Daarom stel ons ook belang in die gebiedende noodsaaklikheid om vir hierdie trekkers na die stede werk te laat verskaf, met ordentlike arbeidsomstandighede en leefbare lone **sodat die komende Afrikanergeslag, hul kinders, gesond na liggaam en na siel kan wees.**

Ons probeer nie, soos die slim mense, wat meen dat blote woorde salig maak, om die Afrikanerdom op die altaar van een of ander Sjibbolet of woord te lê nie . . . **veelmeer is ons bereid om soveel van enige leerstelling oor te neem as wat nodig is vir die welvaart van hierdie volk — en soveel van enige leerstelling te verwerp as wat nodig is vir die beveiliging van hierdie volk,** afgesien daarvan of die stigters van die leerstellinge in hul lande en in hul omstandighede die dinge met huid en haar gesluk het of nie.

## GEEN „ISME"

**As dit dan nasionaal-sosialisme is, dan sê ons dat dit vir ons nie 'n ekonomiese teorie is nie; vir ons is dit die gees waarin volksgenote bymekaarstaan en die onderlinge trou teenoor mekaar bewaar, met eiebelange in die regte perspektief gesien, nl. ondergeskik aan die belange van die gemeenskap.**

WANT DIE OSSEWABRANDWAG BAKLEI NIE VIR 'N „ISME" NIE: HY BAKLEI VIR DIE BEVEILIGING VAN 'N VOLK SE VOORTBESTAAN EN HY SAL SOVEEL VAN ENIGE „ISME" OORNEEM OF VERWERP AS WAT NODIG MAG BLYK IN DIE STRYD OP HANDE.

So by voorbeeld verwerp ons in die kapitalisme nie die belegging van geld vir sekere ekonomiese en nuttige produksieresultate nie; maar ons verwerp wel die verdraaide en tans heersende beskouing dat die geld die skepper is van werksgeleenthede („sonder kapitaal kan daar nie arbeid wees nie") terwyl die waarheid daardeur op die kop gestel word, **want inderdaad is dit die arbeid wat die geld en die profyte en diwidende skep.**

Hoe dikwels het ons nie gehoor nie: „Ja, maar die Jode of wie ook al het die kapitaal in die land gebring. Dit het vir die Afrikaner werk verskaf". Veronderstel dat die immigrant werklik geld in die land ingebring het — wat meestal nie korrek is nie — dan ontstaan die vraag: „Hoekom het hy dit gedoen?" Die antwoord is natuurlik: „Om geld te maak." „Hoe?" „Uit die arbeid wat hy met die eerste klomp geld huur natuurlik. Hoe anders? Met ander woorde, **dit is die arbeid wat die geld geskep het** en nie die geld wat die arbeid „verskaf" het nie.

Daar lê die knoop waarom ons teen die kapitalisme geneig is: **omdat die kapitalisme die skepsel as regter en baas oor sy skepper wil stel; hy wil die geld laat baas speel oor die mens, oor die werker wat die geld moet maak.**

As kapitalistiese werkgewers aan ons wil voorgee dat **hulle** die gelag betaal en **hulle** derhalwe die seggenskap gaan hê, dan maak dit op ons min indruk. **Want dis nie hulle wat met die naweë en gebroke mense en mynteringlyers en wat dies meer sy gaan sit nie, maar wel die volk as geheel.** Die Indiese werkkragte wat deur die suikerbaronne ingevoer is in die '70 of so iets en wat nou 'n Asiateprobleem vir die hele blanke ras in ons land geskep het, is 'n goeie voorbeeld.

(Word vervolg.)

## REISPROGRAM — GENERAALSKAP A5

Hoofkomdt. W. R. Laubscher sal openbare vergaderings toespreek onder beskerming van die Ossewabrandwag, op die volgende plekke en datums:—

**OUDTSHOORN, 27 November om 8. nm. — Drilsaal**
**KAMNASSIE, 28 November om 8 nm. — Vadergawe.**
**BUFFELSDRIFT (Dist. George), 29 November om 7 nm.**
**VOORBEDAG—MATJIESRIVIER, 30 Nov. 8nm. — Kerksaal. . .**
**UNIONDALE, 2 Desember om 7.45 nm. — Voortrekkersaal.**
**WILLOWMORE, 3 Desember.**
**DE RUST, 4 Desember om 8 nm. — Kerksaal.**

Waar plekke en tye nie aangegee is nie sal dit plaaslik bekend gemaak word.

O.B.-Kersfeeskaartjies

VIER VERSKILLENDE PRAGONTWERPE MET O.B.-WAPEN

4/6 per dosyn, met koeverte

Bestel:

*BOEREJEUG-HOOFKWARTIER*
MEYERGEBOU 9 POTCHEFSTROOM

# SOOS ONS LESERS DIT SIEN

## Eer

Mnr. Isak le Grange, Warmwaterberg, skryf:

Ek moet my selfopgelegde swye verbreek om protes aan te teken teen die skynheilige sedepreek waarop die Boerejeug getrakteer is onder die opskrif „Neurenberg". Mens sou soiets oor die hoof kon sien as jy dit in persorgane van die sogenaamde demokrasie gelees het. Maar in Die O.B. as mondstuk vir 'n Beweging wat minstens „nasionaal en sosiaal van aard" sou wees, kry jy dit te lees in dieselfde uitgaaf waarin die huldiging prominent geplaas word wat politieke gevangenes uit die tronk van Pretoria aan die Duitse leiers bring, en waarin as O.B.-beleid verklaar word: „Die klas of beroep van 'n man of vrou kan oornag verander, maar sy bloed, sy ras, is iets wat deur God bepaal is en dit is onveranderlik."

Sonder om dieper op die saak in te gaan wil ek aan die skrywer die vraag stel in verband met sy verwysing na wyle dr. Rosenberg of dit nie gebeurlik is dat 'n mens sy geloof ook oornag sou kan verander nie.

Die begrip eer is 'n rassebegrip. Niemand minder as die „heidense" Rosenberg het dit glansryk klaar daargestel as hoogste waarde van Germaanse eie-goed die behoudende beginsel wat al ons ander waardes oorskadu. As jy jou eer verloor, verloor jy alles. Dit mag „onchristelik" wees, maar dit getuig sekerlik nie van ontaarding nie as daar vandag nog witmense gevind word wat soos hul vroegste voorouers die dood bo oneer en selfmoord bo skanddood verkies. So het ook die Boerevolk onder Paul Kruger eervol nasionale selfmoord gepleeg in teenstelling met die Afrikanervolk van vandag wat roemloos die skanddood van verbrokkeling, verbroedering en verbastering tegemoet gaan, omdat die begrip van eer by ons verswak het. —(Verkort.)

(Die Boerevolk het nie selfmoord onder Paul Kruger gepleeg nie, maar het byna tot die dood toe bly veg en daardeur juis sy lewe en sy eer gered. Verder: Die eer van God is vir die Christen die hoogste eer; waar die O.B. wel deeglik „nasionaal en sosiaal" is, volg „My Volk" nogtans ná „My God" in sy leuse.—Red.)

## Die Keersy

Mnr. A. F. Schmidt, Bloemfontein, skryf:

In Die Boerejeug van 6 Nov. het iemand 'n artikel oor Neurenberg geskryf.

Laat my toe 'n paar aanmerkings te maak oor die deel wat hy noem Die Keersy:

1. Die inval in Holland. — Weet die skrywer dan nie dat die Hollandse regering toegelaat het dat H. se neutraliteit keer op keer deur die Geallieerdes geskend word nie? Dat berugte Britse spioene vanuit Holland deur die vyand opgevang was en uit hulle papiere tot die oortuiging gekom het dat H. se neutraliteit maar net skyn was?

2. Noorweë.—Weet die skrywer dan nie dat die Britte eerste Noorweë se neutraliteit geskend het, en weet hy ook nie wat hul doel was nie?

3. Denemarke. — Ja, dit was oorlogsnoodsaaklik, maar weet hy dan nie dat die vyand maar net die Geallieerdes daar voorgespring het nie? Vergelyk bietjie die toestande in Denemarke gedurende en na die oorlog met plekke waar die Geallieerdes geheers het en nog heers.

Hy wil tog nie beweer dat Duitsland die oorlogsterrein uitgebrei het omdat hy sy soldate nie elders kon gebruik nie. Dink hy dan nie ook aan Ysland, Iran, Cassablanka en die Portugese eilande nie?

4. Hy sê hy dink aan die Konsentrasiekampe. Waar? Hier in Suid-Afrika waar duisende onskuldige, weerlose vrouens en kinders omgekom het? Neem die getalle van bevolking hier en daar en vergelyk.

5. Dr. Rosenberg was 'n ongelowige ja. Jammer, maar weet die skrywer hoeveel ongelowiges hier regeer? — (Verkort.)

## Geen Nuus?

Mnr. H. Smith van Kaapstad skryf:

Na aanleiding van dr. Van Rensburg se Paarlse toespraak, waarvan daar 'n berig in die Cape Times, dog nie in Die Burger nie verskyn het, sou onderstaande gevolgtrekkings onbillik wees?

(a) Die huidige bewind is die Ossewabrandwag so vyandiggesind dat hy honderde van sy lede in kampe en tronke gestop het.

(b) Hy het die O.B. uit die staatsdiens en staats-ondersteunende liggame verban.

Nogtans beskou die regeringspers O.B.-vergaderings en -toesprake van sy leiers van soveel nuuswaarde (soos dr. Van Rensburg se toespraak in die Paarl) dat hulle dit publiseer.

Watter vyandskap gaan die H.N.P. of V.P. teenoor die O.B. openbaar wanneer hy aan bewind kom, indien hy nou reeds as opposisie wat O.B.-stemme nodig het, weier om laasgenoemde 'n plek in sy beriggewing te laat toekom, soos die geval was met bogenoemde toespraak?

Want of ons met dr. Van Rensburg saamstem of nie nogtans bly sy toespraak belangrik vanuit die Volkseenheidoogpunt beskou.

## GEEL MIELIEPAP VIR KONING?

Mev. G. J. Lourens, dist. Bethlehem skryf:

Ons sou graag wil weet of die Britse koning as hy Suid-Afrika aanstaande jaar besoek tevrede sal wees met broodlose, vleislose en teelose dae. Sal hy semelbrood, geel mieliepap n rooiboste net so geduldig aanvaar soos die grootste deel van die bevoking dit doen? Indien nie, waarom moet die huisvrou van Suid-Afrika dan daarmee tevrede wees? Sy het tog groter reg in die land wat haar vaders met bloed gekoop het as die koning van Brittanje wie se voorouers kom roof en plunder het. Tot watter voordeel was die Britse koning al ooit vir Suid-Afrika?

Hoeveel Afrikanerouers gaan toelaat dat hulle kinders besmeer word met medaljes ter ere van die koning van Engeland? Hoeveel ouers sal toelaat dat uit die kele van hulle kinders die gesanik van „God save the King" weerklink? — dit is tog nie ons bede dat God hom sal behoed nie. — (Verkort, Red.)

## Ontevrede

Brandwag, Vryburg, skryf:

Ek was verbaas om in u kolomme "Die Keersy" aan die Boerejeug verduidelik te sien. Martin Luther was 'n goeie Duitser en ek wonder wat hy persoonlik in die geval sou gesê het. Sekerlik was hy groot genoeg dat hy die grootsheid van die heldedom van die Duitse leiers van die laaste maande nie teenoor buitelanders sou probeer verkleineer het nie. Die Duitsers sal en kan self met hul eie mense in die toekoms weer reg kom.

## LIEF VIR STEMME

Kapt. Henri Slegtkamp, D.T.D., Middelburg, Tvl. skryf:

Ek is nie haatdraend nie, maar as mens gedurig met klippe gegooi word, gooi jy natuurlik terug en met die doel om raak te gooi.

Op 25 Oktober l.l. het dr. Malan 'n toespraak op Redelinghuis gelewer en die O.B. weer aangeval. Dit is al waaroor hy kan gesels, want van dat die Republiek in die yskas is, het hy niks anders om oor te gesels nie. Dr. Malan wil nie erkenning aan 'n organisasie soos die O.B. gee nie, maar hy is baie gretig om ons stemme te kry.

Ek het darem ook al bietjie ondervinding opgedoen, en O.B.-vriende moet tog nooit hensoppers wees nie. As die H.N.P. wil vrede maak en ons ook erken as goeie Afrikaners, goed en wel, maar dan moet dr. Malan dit eerlik erken en sy woorde waarmee hy die O.B.'s uitgeskop het, openlik terugtrek. Die vraag is net of hy dit sal doen, want hy staan ook maar onder sy luitenante en 'n sterk wil besit hy nie. Mens kan nie vir jou laksman stem nie. Ons word nou eenmaal gehaat en as ons nou nog vir dr. Malan (ons laksman) stem en as hy die meerderheid deur ons stemme behaal, hoe sal dit dan met die O.B. gaan? Ons sal vernietig word.

Dr. Malan sê hy het die volk lief. Ek glo dit nie. Hy het net ons stemme lief. Om te besef wat werklike kameraadskap is, moet dr. Malan en adv. Strydom „Sonder Gewere" lees.

Sonder die hulp van ander organisasies sal u nooit die regering in die hande kry nie. Ek is bly dat ek alreeds bejaard is en nie die ellende hoef te sien wat deur u styfkoppigheid veroorsaak gaan word en Afrika in 'n basternasie gaan dompel nie. Dit is vir my swaar om te glo dat u ooit predikant was.

## GEVANGENISFONDS

Verdere bydraes tot die Kosfonds vir aangeklaagde Afrikaners word met dank erken.

Reeds erken £64-7-0; 'n Klompie „Goeienaand Boere", per mnr. A. van Zyl, Ventersdorp £12; per mnr. D. G. Steyn (F3b1) £5; mnr. H. J. v. d. Heever, Rustenburg £1; mej. Swanevelder, Pretoria 10/-; mev. K. Delport, Vryburg 10/-; mnr. en mev. Daneel, Pretoria 10/-; per mev. Herman de Wildt 15/-; mev. Erasmus en vriende, Boshof £1-5-6; mev. Lategan, Constantia, Kaap £1; Heidelberg-Manne- en -Vrouekommando's, per mev. M. A. Gouws £2; T. van Eeden, Roodebloem 7/6. Totaal £89-5-0.

**KOS VIR DUITSERS:** Die eerste besending graan na die Brits-besette deel van Duitsland het verlede week daar aangekom om die hongersnood effens te verlig. Dit sluit 'n besending van 500 ton graan in wat in Hamburg aan wal gesit is en 1,000 ton graan vanuit Amerika wat in Rotterdam aangekom het vir verspreiding in die Ruhr-gebied.

DIE KUNS VAN DIE MEESTER . . .
Die kok se kennis bepaal die waarde van U maal . . . 'n Soortgelyke deskundigheid verseker U van die waarde van Kommando-sigarette.




RONDE
Kommando
-SIGARETTE
OOK OVAAL VIR DIEGENE WAT DIT VERKIES
B.H. 2367

Spesiale Aanbod in
DAMESHANDSAKKE
Egte leer, met leer uitgevoer, teen presies die prys wat u wil betaal.
KOM SEKER NA
Steyns
DIE MODEWINKEL
PAROW

PRETORIA-MARK
W. & P.
P.R.R.
Produsente, stuur u Produkte, Eeiers, Botter en Lewende Hawe na ons.
(Ontvangs-agente van alle slagvee vir die Vleiskontroleur)
Ons het 'n garansie van £2,500 by die Regering.
WEBB EN PRETORIUS
Pretoria se Oudste en Grootste Markagentskap

Beskerm u Oë
Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.
Wahl, Lawrence EN KIE.
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

TELEURGESTELD?
Was u miskien laaste jaar teleurgesteld toe u Kersfeesdrankies te laat aangekom het? Moet nie laat dit weer vanjaar gebeur nie. U kan nou-al seker van u drankies maak deur vandag u bestelling in te stuur. Vermeld die datum waarop u verlang dat afgestuur moet word, en dit sal op tyd afgelewer word.
MAAK GEBRUIK VAN HIERDIE GELEENTHEID EN VOORKOM TELEURSTELLING ! !

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies. |
|---|---|---|
| WYNE: | | |
| Spesiaal Soet | 2/6 | 11/- |
| Ou Port | 2/6 | |
| Rooi en Wit Jeripiko | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| „Cocktail" | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| DROË WYNE: | | |
| Swartberg Sjerrie | 2/6 | |
| Boergonje (Rooi) | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit | 1/6 | — |
| FONKELWYNE: | | |
| Grand Spumante | 10/- | — |
| Vonkel Boergonje (Droog) | 8/6 | |
| Grande Splendore | 7/6 | — |

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| BRANDEWYNE: | | |
| Aurora V.S.Q. (slegs 3 bottels per bestelling | 10/- | |
| Royal | 8/6 | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A.I | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| LIKEURE: | | |
| Peperment, Piesang, Appelkoos of Perske | 7/- | |
| Kersie, Van der Hum, Gemmer, Anys, Naeltjies | 6/6 | |
| JENEWERS: | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

VOORWAARDES: (1) Voeg by 20/- of 5/- per vaatjie en kissie met bottels respektiewelik. Hierdie depositos word dadelik vergoed op ontvangs van leë inhouers, spoorvrag betaald Vlakteplaats-Stasie. (2) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gellings (of 'n gelystaande hoeveelheid. (3) Alle bestellings Kontant of K.B.A. u naaste Stasie.
MOET NIE VERGEET OM DIE DATUM WAAROP U VERLANG DIT AFGESTUUR MOET WORD IN U BRIEF TE NOEM NIE.
EXCELSIOR WYNMAKERY (Edms.) Bpk.
VLAKTEPLAATS-STASIE (KAAPLAND)

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 20 NOVEMBER 1946

# VLAE EN VAANDELS

## Ontstaan, Betekenis En Gebruik

**Die beeld of simbool van die eie bestaan van 'n nasie is die lands- of volksvlag. Dit beduie nasieskap en staan as teken of kenteken van die nasie. Waar 'n nasie se vlag wapper verkondig dit dat hy daar baas is. Dit is die grondgebied van die nasie wie se vlag daaroor wapper. Met ander woorde, die vlag staan as teken of beeld van die gesag van daardie nasie.**

Die vlag — al is dit maar doek — verteenwoordig as sinnebeeld **gesag**. En omdat dit as die sinnebeeld van gesag van 'n nasie erken word dwarsdeur die wêreld, daarom is dit as sodanig iets dierbaars, heilig, eerbaars vir 'n volk.

Die skending van die vlag of minagting daarvan word as skending of ontering van die gesag van die volk en as 'n misdaad deur die wet beskou. Ontering of minagting van die vlag is ontering en minagting van die volk aan wie die vlag behoort. As iemand nou byvoorbeeld 'n landsvlag sou aftrek, of besoedel, of daarop trap, word dit beskou dat hy die gesag van die volk verag en beledig.

Daar is dan ook in ons tyd van valse voorstellings, skynselfstandigheid soos in ons eie Vaderland deur Engeland opgedring is met wapengeweld, simbole, vlae wat vir skyngesag, nie werklike gesag of volkome staatkundige vryheid nie, gebruik word. Die Unievlag is een. So ook die Australiese en die Kanadese vlag — vlae wat nie vir werklike soewereine gesag staan nie, want hierdie lande is deur wetgewing aanmekaar gekoppel — hulle het almal saam dieselfde koning.

Daar is ook vlae soos ons s'n wat nog nie staatkundig vrye nasieskap vertolk nie, maar die strewe daarna. Dit staan egter as sinnebeeld van ons volksbeweging soos georganiseer in die Ossewabrandwag. Dit is die vlag en dus die gesag van die Ossewabrandwag. Waar ons vergader, daar hys ons hom en solank ons in daardie saal of op daardie terrein is, is die **O.B.-vlag die simbool, die kenteken van die gesag van die Ossewabrandwag in daardie saal of op daardie terrein. Bewaar die een wat hom beledig of nie daardie gesag daar wil erken nie!**

### DIE ONTSTAAN

**Die vlag**, sy betekenis en gebruik het oor die eeue vaste vorm aangeneem. Die vlag is 'n ontwikkeling van kentekens van oorlogvoerende magte waardeur hulle mekaar onderskei het. Dit is maar eers later dat 'n doek wat eenkant aan 'n stok of vlagpaal vasgemaak is, as vlag, soos ons dit ken, geword het.

Die eerste kenteken was die wapen op **'n banier** — dus baniere.

Teenswoordig maak ons baie duidelik verskil tussen 'n banier en 'n vlag. Ons het reeds by die begin gesê waarvoor 'n vlag staan. Die banier word teenswoordig gebruik, óf vir slagspreuke, óf as kenteken by wyse van beelde daarop. 'n Doek, meestal versier, wat bv. vertikaal teen die muur hang met enige slagspreuk of beeld of beide op, soos die O.B.-wapen en die spreuk: „My God, My Volk, My Land, Suid-Afrika", noem ons 'n banier. Sulke baniere word ook aan 'n Kruisstok gedra en hang dan voor die regop stok.

**Vaandels** is 'n ander vorm van vlag of banier — die Kommando-vaandel byvoorbeeld, of die Boerejeugvaandel. **Die vlag is alles en almal, die vaandel net die kenteken van 'n groep of 'n eenheid van die geheel.** Ook op vaandels kan ons die kentekens aanbring van die eenheid, of kommando, of afdeling. **Die Boerejeug, laat ons mooi let, het nie 'n eie vlag nie, maar 'n vaandel, ook nie 'n eie wapen nie, maar 'n Kenteken. Die hele Volksbeweging waarvan die Boerejeug 'n eenheid of deel is, het alleen 'n vlag en wapen.**

### ONS VLAG

Die O.B.-vlag is 'n samestelling van simbole van ons volksbeweging van die twee Afrikaner-Republieke (Transvaal en Vrystaat) en die oud-Hollandse vlae. Hy is dus nie vir ons 'n sinnebeeld alleen soos reeds verduidelik nie, maar ook **'n sinnebeeld van kultuur en geskiedenis. Hy bind vir ons verlede en toekoms saam.**

Die Suid-Afrikaanse Republiek (Transvaal) het die Hollandse drie-kleur op 'n groenveld, (wat nuwe groeikrag beteken) die groen regaf baan aan die stok, gelas. Die Vrystaat het by die rooi, wit en blou, die oranje bane gevoeg. Die heel oorspronklike Nederlandse vlag was Oranje, Wit en Blou. Later is die Oranje verdring deur Rooi. Die O.B. het in die plek van rooi, die oranje herstel en die oranje, wit en blou aan die groenveld gevoeg.

(Word vervolg.)

## Brief Nr. 8

Boerejeug,

Teenoor 9 miljoen naturelle en gekleurdes kan die Unie slegs 2¼ miljoen blankes stel. Hoe die blanke bevolking op die oomblik saamgestel is, is nog nie bekend nie, miskien sal die sensussyfers ons dit eersdaags openbaar. Ons kan egter aanneem dat meer as die helfte Afrikaanssprekend is. Die res sal dan wel feitlik almal Engelssprekend wees, alhoewel nie almal van Engelse afkoms nie. Daaronder kom voor: Engelssprekendes wat hier gebore is, Engelse van oorsee, Amerikaners, Jode, e.d.m.

Nou is die vraag of die blankes iets meer as hulle huidskleur gemeen het. Afrikaners en Engelse het rasverwantskap, die Jode behoort tot 'n ander ras. As ons dan ook tot die beskouing van **'n Afrikaanse volk** wil kom, kan ons die Jode gerus maar uitskakel; Afrikaners is hulle nie en sal hulle nooit word nie. Met die Engelse, veral met sulkes wat van vader op seun hier gevestig is, staan dit anders. Ons weet dat baie van hulle al volbloed Afrikaners, selfs Afrikaanssprekend geword het. Andere behou hul taal en tradisies, maar het net so verknog geraak aan Suid-Afrika as ons. Hulle noem hulself dan ook graag Afrikaners al sou hulle nog sekere bande met Engeland handhaaf. In baie opsigte kan ons met hulle saamwerk en ons begrip „Afrikaanse volk" behoort ruim genoeg te wees om sulke simpatieke Engelssprekendes te omvat, al verskil ons van hulle in meer as een opsig. Jammer net dat hulle so moeilik loskom van hulle „Home"-kompleks. Dis egter ons taak om hulle geleidelik daarvan los te wikkel en hier in te burger. Ons het mekaar se hulp nodig.

Ongelukkig is daar 'n groot gros wat blykbaar net hierheen gekom het om te aas. Sodra hulle na hul sin genoeg byme-kaargeskraap het, gee hulle weer pad. Maar intussen sien hulle op die Afrikaners neer, bevoeter die verhoudings tussen blank en nie-blank en doen hul bes om die Afrikaanse strewe en ideale te laat verongeluk. Helaas vind hulle steeds in hul onsalige optrede steun by 'n sekere klas Afrikaner wat die naam nie werd is nie. Dis hierdie mense wat gewoonlik die groot kapitaal verteenwoordig en meehelp om ons in Engeland se oorloë te betrek. Dis trouens maar dieselfde element wat die Boere-republieke vir Engeland help roof het. Hulle sal nie rus voordat hulle, as hulle dit maar enigsins kan regkry, die Afrikaner heeltemal ten onder gebring het nie. Daartoe gaan hulle op alle moontlike maniere te werk. Vroeër was dit regstreeks met die wapen, nou geskied dit op 'n listiger en gevaarliker manier. Die Afrikaner se gees word verpes. Vreemde leer word verkondig, soos b.v. dat blanke en nie-blanke gelyke behandeling moet ontvang, dat almal die stemreg moet hê, dat alle skole dubbelmedium moet wees, dat bevol-

(Vervolg in voorgaande kolom)

king en volk dieselfde ding is, ens., ens. En nou kom in die jongste tyd nog die kommunisme daarby wat die Afrikaner in sy sterkste fort, sy godsdiens, aantas.

Wat bly oor? Net maar die Boerenasie, wat hom teen hierdie mengelmoes van bevolkingselemente en geestesstrominge moet handhaaf. Staan ons verenig voor die taak? Tot ons skande is die antwoord, nee.

DIE JEUGLEIER.

## AMPTELIKE KENNISGEWING

**Die volgende laertrek wat gedurende die Desember-skoolvakansie vir alle lede van die Boerejeug bo 12 jaar gehou word, word bekendgemaak.**

**GEBIED A. — Franschhoek — 13 tot 22 Desember 1946.**
**(Boerejeugbevel 5/46.)**

**Nadere besonderhede is van die plaaslike Boerejeugoffisier of direk van alle Jeughoofkommandante verkrygbaar. Name van laergangers moet die Jeughoofkommandant van Gebied A nie later as 1 Desember bereik nie.**

**Die laertrek wat, soos in vorige uitgawes aangekondig, in Gebied B gehou sou word, is gekanselleer.**

## Ons Laergangers Sê:-

**Hier volg verdere uittreksels uit briewe van laergangers. Dit volg op ons vorige uitgawe.**

In die kamp het ek geleer dat dit nie saak maak wie oor jou gestel is nie; jy moet hom as jou senior respekteer en gehoorsaam. Ek het hier in die laer uitgevind watter voorreg dit is om te kan sê dat ek 'n O.B.-lid is.

Ek het hier ook nog nie die stywe stroefheid by die offisiere aangetref wat 'n mens soms dadelik by militêre kampe aantref nie. Almal is vriendelik teenoor mekaar. Maar dissipline word streng gehandhaaf.

Almal het alles met 'n glimlag uitgevoer, want in ons was die gevoel dat ons nie net alles in belang van onsself moes leer nie, maar ook vir die opbouing van ons toekomstige volk.

Wat my veral getref het was die mooi gees wat tussen offisiere en brandwagte geneers het. Daar was baie vriendelikheid maar dissipline is streng gehandhaaf. Elke persoon weet net wat hy elke oomblik moet doen; ja selfs wanneer hy moet speel.

Die algemene indruk wat die laer op my gemaak het, is dat as daar meer sulke laers gehou word, die Afrikaner weer sal leer om die uitheemse gewoontes vaarwel toe te roep en hulle andermaal te wend op die pad van ons eerbare voorgeslagte.

### VAKANSIE

So 'n laer bied ook 'n uitstekende vakansie aan seuns en dogters en al gaan dit ook die eerste dag 'n bietjie swaar om gewoond te word, kom hulle gou reg en is later spyt om weg te gaan.

Die gereelde kampvuur in die aand was 'n bron van geesdrif en vrolikheid. Eie inisiatief en talent is geopenbaar. Sang, musiek, grappe en interessante vertellings het nie ontbreek nie. Daar is deurgaans gestreef om 'n gesonde Boereatmosfeer te skep.

Saans het ons almal om die kampvuur liedere gesing en speletjies gespeel en soms ook volkspele, tot dit tyd geword het vir slaaptyd. Na die ligte uit-sein mag niemand meer beweeg of praat nie.

Die laerreëls leer 'n mens om gedissiplineerd te wees. Die wagstaan in die nag was baie interessant en partykeer het ek groot geskrik as ek op 'n takkie trap wat dan onder my voete ritsel.

### DIE BESTE

In die laer het ek geleer om presies en waaksaam te wees. Elke nag het ons wag gestaan en het elke wag geweet dat die veiligheid van elke laerganger van sy waaksaamheid afhang. Hy het homself as hoeder beskou.

**Ek het my die kamp glad anders voorgestel as wat dit werklik was. Al die ander jeugbewegings waarvan ek kennis dra, en aan behoort het, kan by ons, die Boerejeug, kom leer hoe om laertrekke te hou.**

So wil ek ook alle lede van die Boerejeug aanraai om na die volgende laer te gaan. Dit is baie lekker en julle sal nooit daaroor spyt wees as julle gaan nie. Dink net hoeveel beteken dit vir julle volk.

**UNIE SE HANDELSVLOOT:** Die Unie se handelsvloot is vinnig besig om uit te brei. Suid-Afrikaanse sakelui doen tans hul bes om oral skepe aan te koop. Gedurende die afgelope week is daar 16 skepe tot die handelsvloot bygevoeg. Hulle verteenwoordig 'n tonnemaat van sowat 130,000 ton.


**WAPENSKOU**

**Die ENIGSTE Afrikaanse tydskrif van sy soort wat u 'n aantreklike en skerpsinnige oorsig gee omtrent sake van die dag op nasionale sowel as internasionale gebied, hetsy:**

- EKONOMIES
- STAATKUNDIG
- WETENSKAPLIK
- KULTUREEL
- SOSIAAL

*Intekening: 12/6 per jaar*

BUS 28 — — STELLENBOSCH

# Dink Aan Hulle In Die Tronk

## HULP NOG BAIE NODIG

**Die nood onder sommige oud-geïnterneerdes wat nog ly aan die finansiële knou wat hulle toegedien is, die nood onder 'n dertig stuks politieke gevangenes in die tronk is hoog, baie hoog. Die Noodhulpfonds het nog ongeveer £300 per maand nodig. En daar word nie genoeg gegee nie!**

Daar het weer nuwe nood-druf bygekom. Lees wat komdte. H. Dommisse, Charlesstraat 84, Brooklyn, Pretoria, skryf oor die versorging van ons volksgenote wat in Duitsland gevang is, S.A. se Neurenbergers. Sy skryf o.a.:

„Ons kook (vir hierdie manne wat vir hoogverraad aangekla word) al om die ander dag, maar soveel dat hulle beweer dat hulle nie tronkkos hoef te eet nie. **Daar is 'n aansienlike som bestee aan klere vir 'n paar van hulle wat in Duitsland gearresteer is en hierheen gebring is met net wat hulle aan hul lyf had — in een geval net 'n hemp en broek en verslyte skoene . . . .**

„Mev. —— met drie kindertjies loseer hier in die stad solank haar man verhoor word. Sy word intussen uit die Noodhulpfonds ondersteun . . .

**„Die geld wat mag oorbly nadat hulp aan hierdie aangeklaagdes nie meer nodig is nie, word alles in die Noodhulpfonds gestort. Hierdie fonds, sê die Hoof van ons Volksorg, is uitgeput.**

„Ons sal baie bly wees", besluit komdte. Dommisse, „om die beloofde £25 uit Kaapland" (deel van die opbrengs van die tentoonstelling van artikels in die tronk en Koffiefontein vervaardig) „te ontvang. Ons is baie dankbaar, geagte generaal vir al die bydraes uit daardie provinsie . . . ."

**Kersfees nader . . . Binne in die tronk met vroue en kindertjies in nood en verdriet, is daar diegene wie se smart ons moet versag. Stuur u bydraes vir die Noodhulpfonds, stuur soos nooit tevore nie, stuur geld vir die aangeklaagdes en hul gesinne aan komdte. Dommisse. Kersfees nader. Maak ook ander se harte bly.**

J. A. SMITH,
Organisasieleier.

### KLERE VIR DUITSERS

Meer as 35,000 stukke klere is reeds deur die Kaaplandse Vrouekomitee vir Noodleniging in Duitsland en die Deutsch-Afrikanischer Hulfsausschuss aan noodlydendes in Duitsland gestuur. Groot hoeveelhede klere word nog steeds deur hierdie liggame ontvang maar word nogtans as heeltemal ontoereikend beskou om die dringende nood onder die Duitse volk te lenig. Die komitees doen 'n beroep op die volk om skoon, gebruikte klere aan te stuur. Klere kan gestuur word aan mev. B. Steytler, D.A.H.A., Hoopstraat 105B, Kaapstad, terwyl alle korrespondensie gerig moet word aan mev. B. Steytler, Albertweg 20, Tamboerskloof, Kaapstad.

### £5,000 PER DAG VIR KONINGSBESOEK

Die besoek van die Britse koning aan Kaapstad volgende jaar sal sowat £50,000 kos of ongeveer £5,000 per dag. Daarbenewens sal die regering en provinsiale owerheid ook nog verantwoordelik wees vir die koste van 'n hele aantal funksies wat nie hierby ingesluit is nie. Daar is besluit dat Tafelberg gedurende die besoek van die koningsgesin gedurende die nag met soekligte verlig sal word sodat die berg teen die donker agtergrond kan vertoon. Vanaf die end van Adderleystraat tot aan die kaai sal sowat 12,000 sitplekke vir die publiek opgerig word om die Britse koning en sy gevolg te kan sien.


„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 702, Kerkplein, Kaapstad.

### NUUS WEERHOU VAN K.G.-ANTWOORD

**Op die Paarlse vergadering van die Ossewabrandwag verlede week, waar dr. Van Rensburg 'n belangrike toespraak oor samewerking gehou het, was ook 'n verslaggewer van Die Burger teenwoordig. Hoewel daar 'n taamlik breedvoerige opsomming van die K.G. se toespraak in die Cape Times verskyn het, het Die Burger geen enkele woord gerep van die vergadering of toespraak nie. Sover dit sy lesers betref het dr. Van Rensburg geen antwoord gegee op dr. Malan se uitlatings oor samewerking nie.**

**Afgesien van die feit dat Die Burger as nuusblad op hierdie wyse belangrike nuus aan sy lesers weerhou — nuus waarin hulle sonder twyfel dees dae groot belang stel — openbaar hierdie houding van die H.N.P.-pers 'n vyandskap teenoor die Ossewabrandwag wat nie te rym is met die uitnodiging aan O.B.-lede om vir die party te stem nie.**

## 'n Volk op Mars



**Gedurende die skemerure van 9 November het die Ossewabrandwag die viering van die verjaardae van die K.G. en A.K.G. met 'n luisterryke optog deur die strate van die Paarl ingelui. Verskeie afdelings van die Ossewabrandwag waaronder die O.B.-Wag en Boerejeug het op die maat van marsmusiek die sierlike speerpunt gevolg. Die K.G. en Ajunk-K.G. het ook aan die optog deelgeneem.**

# RUSLAND BLY TOT TANDE GEWAPEN

## Leer van 8 Miljoen

**„Op hierdie tydstip het die Sowjet-Unie ten minste agt ministeries wat hulle uitsluitlik toespits op oorlogsproduksie en die uitbreiding van militêre mag. Nog vyftien ander ministeries is indirek of deeltyds by 'n soortgelyke taak ingeskakel . . . Die Sowjet-Unie het tans tussen 6½ en 8 miljoen soldate onder die wapen", skryf die goed ingeligte Kenneth de Courcy in Overseas Intelligence Digest.**

„Die drang om uit die leër ontslaan te word wat kenmerkend is onder manne en vroue in ander lande, word nie in Rusland gevoel nie. Die besit van 'n uniform van die Rooi leër is 'n paspoort tot voorregte — 'n dak bo jou kop, hoe onbeduidend ook al; daaglikse maaltye, hoewel skraal; fasiliteite en konsessies vir afhanklikes tuis. Om gedemobiliseer te wees is noodlottig vir jouself en jou gesin."

Hierdie feit is waar ten opsigte van die gewone soldaat maar nog meer waar vir die offisier. Vir hom is dit 'n sosiale en finansiële katastrofe.

„Die nuwe begroting sluit uitgawes van 72 miljard roebels vir verdedigingsdoeleindes in. As 25 roebels op 'n pond gaan, beteken dit 'n oorlogsuitgawe van £2,880,000,000 per jaar. Gesien van die kant van die goedkoop arbeid in die U.S.S.R. (gemiddelde goeie betaling is £3 per week), verteenwoordig dit nog groter uitgawes as wat die syfers aan die buitewêreld suggereer."

Hierby moet nog die produksie van oorlogsfabrieke in die besette land gevoeg word. Die blad verklaar dat daar onlangs groot militêre maneuwers in Hongarye plaasgevind het, maar dat dié in Rusland nog groter was.

# Offensief Beplan Teen Griekeland

## Maarsk. Zhukov Genoem

**Verlede week is berig dat die rebellie van kommunistiese groepe in Griekeland so grensgebiede weer skielik opgevlam het. Hierdie berig kan in verband gebring word met die volgende inligting wat deur 'n korrespondent van die Overseas Intelligence Digest verskaf is:**

„Op 11 September het maarskalk Tito vir Dimitroff in Skoplje ontmoet om guerrillaplanne teen Griekeland te bespreek asook die hulp aan mannekrag en goedere wat deur Joego-Slawië en Bulgarye verskaf moet word. **Bevelhebbers is aangestel en skakelоffisiere tussen die verskillende groepe. Die plek en datum van die aanval teen Griekeland is bepaal. Maarskalk Zhukov het die Russiese opperbevel verteenwoordig op die samesprekings. Sy aankoms was in groot geheimsinnigheid gehul.** Albanië was ook op die byeenkoms teenwoordig, maar die naam van die afgevaardigde kon nie vasgestel word nie.

„Daar word ook aangeneem dat maarskalk Zhukov as opperbevelhebber van die Balkan aangestel is. **Sy bevel strek van Praag tot Sofia met hoofkwartier in Odessa. Waarnemers in hierdie lande heg groot belang aan hierdie nuwe aanstelling.**


„In die Adriatiese See is die Russe besig om die basisse Cattaro en Saseno te fortifiseer. In die Swartsee word Odessa omskep in 'n vooruitgeskowe aanvalsbasis."

(Daar is geruime tyd gelede aangekondig dat maarskalk Zhukov van sy pos in die Russies-besette deel van Duitsland onthef is en na Odessa verplaas is. Daar is toe gegis of die verplasing beskou moet word as 'n vernedering of 'n bevordering. Volgens hierdie inligting skyn laasgenoemde die geval te wees.)

# Wraak Moet End Kry Sê Churchill

**Winston Churchill op wie 'n groot deel van die blaam rus vir die ellende in Duitsland, het verlede week in die Britse laerhuis gepleit dat die wraak en vergelding teen Duitsland en die Duitse volk beëindig moet word.** Hy het daarop aangedring dat daar spoedig vrede met die Duitse volk gesluit moet word of as dit nie verkry kan word nie, dan moet Brittanje ten minste met die Duitsers in sy gebied vrede maak. **Hy het die hoop uitgespreek dat daar spoedig 'n einde sal kom aan die teregstellings en uitdelging en dat daar na die toekoms gekyk sal word. Hy het met teësin en afkering melding gemaak van die feit dat duisende Duitsers nog verhoor moet word. Daar moet meer bedagsaam te werk gegaan word, het hy gesê.**

Sapa-Reuter berig dat dit een van die swartgalligste toesprake van Churchill was sedert die einde van die oorlog. Hy het verklaar dat die invloed van Engeland sedert die afloop van die oorlog dwarsdeur die wêreld grootliks getaan het en voorgestel dat die mandaat wat Brittanje oor Palestina hou, aan die Verenigde Volke oorgedra moet word as 'n laaste oplossing.

**ALMAL afhanklik van Assuransie!**

Die **KINDJIE**—vir die sekerheid van 'n geldelik versorgde lewe, al is die ouer dan nie meer daar nie.

Die **SKOOLSEUN**—vir 'n opvoeding wat nie onderbreek sal hoef te word nie.

Die **STUDENT**—vir 'n beveiligde loopbaan. Sy studiegeld word gedek deur die polis wat in sy jeug al uitgeneem is.

Die **EGPAAR**—vir die geldelike beveiliging van die gesinnetjie en die eiendom wat hulle met soveel sorg en opoffering opbou.

Die **WEDUWEE**—vir 'n leeftog vir haarself en haar kroos, wat sy bymekaar kan hou en onder haar sorg kan opvoed.

Die **GRYSAARD**—vir die onbekommerde oudag wat hy nou kan geniet, danksy die polis wat hy nog as jongman uitgeneem het.

**Vir ELKEEN is daar 'n SANLAM-Polis!**

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE-MPY. BPK.

TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE

HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

9725-4